

SCHALK WILLEM BURGER AS BOEREGENERAAL, 1899 - 1900

Johan van Loggerenberg

*Departement Geskiedenis, Universiteit Vista,
Privaatsak X634, Pretoria, 0001*

Schalk Willem Burger as Boer general, 1899-1900

This article investigates Schalk Burger's contribution as a Boer general during the Anglo-Boer War. On the eve of the battle of Colenso he reasoned that the danger at Ladysmith, where he was at the time, was greater than that at Colenso - a completely inaccurate deduction. Burger was in command at Platrand and because of his hesitancy, the Boer attack failed. He was accused of being remiss and it was evident that he was unable to handle the responsibilities which had arisen. His lack of military expertise was also very clear here. The most telling criticism levelled against him in this regard was of his conduct during the battle of Spioenkop where he abandoned Drielingkoppe and fled in the face of the advancing British army. He was also blamed for stubbornly refusing to send assistance to the most vulnerable positions during the battle of Vaalkrans. Clearly Burger was no militarist and after March 1900, once back in Pretoria, he made a far better impression as an administrator. Although he proved to be such a poor militarist, it can be argued that he always tried to act in the best interests of his beloved fatherland.

In hierdie artikel word die bydrae wat Schalk Burger as Boeregeneral gedurende die Anglo-Boereoorlog gelewer het, ondersoek. Op die vooraand van die slag van Colenso het hy geredeneer dat die gevaar by Ladysmith, waar hy self was, groter was as by Colenso - 'n totaal verkeerdelike afleiding. By Platrand was hy in bevel en het hy met sy weifelende houding veroorsaak dat die Boere-aanval misluk het. Hy is van laksheid beskuldig en dit was duidelik dat hierdie verantwoordelikheid vir hom te groot was. Sy gebrekkige krygsvernuif het hier aan die lig gekom. Die grootste kritiek teen sy militêre vermoë het gekom oor sy optrede tydens die slag van Spioenkop toe hy vanaf Drielingkoppe padgegee en gevlug het voor die Britse aantog in sy rigting. Tydens die slag van Vaalkrans was hy die groot sondaar deurdat hy bly weier het om hulp na die werklike bedreigde punte te stuur. Dit is duidelik dat Burger geen militarist was nie en terug in Pretoria sedert Maart 1900 sou hy hom as regeringsman baie beter van sy taak kwyt. Alhoewel hy nie die bekwaamste militarist was nie, het hy tog alles in belang van sy geliefde vaderland gedoen.

Inleiding

Schalk Willem Burger het as generaal aan die Natalse front aanvanklik in die skadu van kommandant-generaal Piet Joubert, die opperbevelhebber van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Z.A.R.), beweeg en daarna onder generaal Louis Botha wat in Natal as bevelvoerder uitgeblink het.

In die Natalse fase van die oorlog was Burger tussen Desember 1899 en Februarie 1900 direk en indirek by verskeie veldslae betrokke. En daar het hy, soos gesien sal word, beslis bedroë daarvan afgekom. In hierdie artikel sal sy optrede as militarist tydens die veldslae by Colenso, Platrand, Spioenkop en Vaalkrans bekyk word.

Colenso, 15 Desember 1899

Die beleg van Ladysmith deur die Boeremagte het op 2 November 1899 begin met

die afsny van die spoorweg- en telegraafverbinding tussens Ladysmith en Durban, 'n beleg wat presies 118 dae, dit wil sê tot 28 Februarie 1900, sou duur.¹ Sir Redvers Buller, tot lord Roberts se koms in Januarie 1900 Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika, was vasbeslote om die 12 000 vasgekeerde Britte uit Ladysmith te bevry. Louis Botha was reeds op 10 Desember 1899 daarvan oortuig dat Buller deur Colenso na Ladysmith wou trek. Indien die Britte Colenso vanaf die oostekant aanval, sou Botha uiters kwesbaar wees. Dit sou beteken dat die Britte slegs een heuwel gehad het om te verower, naamlik Hlangwane of Bosrant, soos dit deur die Boere genoem is.²

Omdat Hlangwane die sleutel tot Colenso was, het die spanning op Botha begin tel. Aangesien hy morele ondersteuning baie nodig gehad het, het hy vir Burger gevra om die nag van 13 Desember na hom toe oor te kom. Hierop was Burger se ongelooflike antwoord dat hy nie kon kom nie omdat sy posisie te Ladysmith, soos hy dit gestel het, "ook maar zeer gevaarvol was".³ Die feit van die saak was dat almal bewus daarvan was dat 'n slag by Colenso voorgelê het en dat daar op daardie tyd stip geen geveg by Ladysmith sou plaasvind nie. Burger kon daarom op daardie oomblik vir Botha beslis tot groter hulp gewees het.

Burger het homself probeer verskoon deur fisiese hulp aan Botha te stuur in die vorm van 'n vyftigtal burgers onder veggeneraal Christian Fourie. Aanvanklik was Botha dankbaar, maar agterna het hy dit berou dat hy Fourie gebruik het, omdat hy later met die slag van Colenso teenstrydig met Botha se bevels opgetree het.⁴

Vroeg die oggend van 15 Desember, net na sewe-uur, het Botha Burger daarvan verwittig dat 'n hewige geveg met die Britte losgebars het. Toe hy baie bekommerd berig dat die Britte moontlik na Ladysmith gaan deurbreek, het Burger hom bemoedig en belowe om versterkings na hom te stuur. Vervolgens het Burger vir generaal D.J.E. Erasmus opdrag gegee om hom gereed te hou om Botha te gaan help. Later die oggend het Botha met Burger self uiters ongeduldig geraak toe laasgenoemde in gebreke gebly het om ammunisie te stuur en daarom het hy dit byna uitgekreet: "Stuur toch in 's hemels naam ammunisie voor Mausers en Lee Metfords, 2 of 3 vrachten." Burger het waarskynlik onmiddellik gehoor gegee, omdat Botha skaars twee ure later hom meegedeel het dat hy die ammunisie ontvang het.⁵ Teen die middag kon Burger vir president Kruger inlig dat die Britte besig was om terug te trek.⁶

Burger het dus nie fisies aan die slag van Colenso deelgeneem nie, maar soos vermeld al die tyd by Ladysmith gebly omdat hy 'n aanval vanuit Ladysmith gevrees het - 'n vrees wat totaal ongegrond was. Sy rol het dus bloot bestaan uit die stuur van burgers en ammunisie as hulp aan Botha. En alhoewel Botha hom op 'n keer skerp moes aanspreek omdat hy nie flink genoeg na sy mening met die ammunisie opgetree het nie, het hy later tog sy dank teenoor Burger uitgespreek. In sy verslag

-
1. J.H. Cilliers, 'Die slag van Spioenkop (24 Januarie 1900)', *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 1960, II, p. 1.
Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna T.A.B.), Pretoria: A.787, Preller-versameling, 10: Botha - Kommandant-generaal (hierna K.G.) en Burger, 10-12-1899, p. 23; T. Pakenham, *Die Boere-oorlog* (Johannesburg, 1981), p. 169; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900* (Kaapstad, 1970), p. 49.
 3. T.A.B.: W.J. Leyds-argief (hierna L.A.) 763: Botha - Burger, 13-12-1899, p. 53; L.A. 763: Burger - Botha, 13-12-1899, p. 55. Kyk ook C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 54 en H.A. Mocke, *Die slag van Colenso, 15 Desember 1899* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1966), p. 81.
 4. T.A.B.: L.A. 763: Burger - Botha, 13-12-1899, p. 55; H.A. Mocke, *Die slag van Colenso, 15 Desember 1899*, p. 81; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, pp. 54, 63.
 5. T.A.B.: L.A. 763: Botha - Burger, 15-12-1899, pp. 69-70; L.A. 763: Burger - Botha, 15-12-1899, p. 70; L.A. 763: Burger - Erasmus, 15-12-1899, pp. 70-71; L.A. 763: Botha - Burger, 15-12-1899, pp. 71-72. Kyk ook H.A. Mocke, *Die slag van Colenso, 15 Desember 1899*, p. 130.
 6. T.A.B.: L.A. 763: Burger - Staatspresident (hierna S.P.), 15-12-1899, p. 73.

oor die slag van Colenso het Botha pertinent aan Burger hulde gebring vir die wyse waarop hy sonder dat Botha eers daarom gevra het, aan hom burgers gestuur het.⁷

Platrand, 6 Januarie 1900

Teen die einde van 1899 het Botha gevoel dat 'n aanval op Ladysmith gemaak moes word. Burger het hierdie idee van Botha gesteun. Die burgers self was ook ten gunste daarvan dat so 'n plan van aksie van stapel gestuur word.⁸

Om te kon slaag moes die Boere eers Platrand, die sleutel tot Ladysmith se suidelike verdediging, van die Britte verower. Die totale bevel vir die aanval is, volgens instruksies van Piet Joubert op 5 Januarie 1900, in die hande van Schalk Burger geplaas. Die verrassingsaanval het vroeg die oggend van 6 Januarie plaasgevind maar teen die aand was die Boere-aanslae op Platrand 'n volslae mislukking.⁹

Daar kan seker talle redes vir die mislukte aanval op Platrand aangevoer word. Nogtans was die wanbestuur, pligsversuim en laksheid van veral generaal Burger as hoofaanvoerder en hoofkommandant Marthinus Prinsloo as hoof van die Vrystaatse aanval daarvoor verantwoordelik dat die onderneming misluk het. Talle van die burgers het te laat of glad nie eers op die gevegsfront verskyn nie, wat tot gevolg gehad het dat die Boere teen 'n oormag Britte moes veg. Daar is nie behoorlik leiding geneem nie en die Boere is nie voldoende versterk en met artillerievuur gesteun nie. Dit, terwyl die Britte goeie forte en versterkings gehad het en ook skanse waarteen die Boere niks kon uitrig nie. Die indruk is werklik gelaat dat van die leiers, veral Schalk Burger, slegs passiewe deelnemers was en as toeskouers opgetree het. 'n Ander punt van kritiek teen Burger was die feit dat Joubert hom nie per heliograaf kon bereik nie, veral op 'n tydstop toe dit rugbaar geword het dat Burger se manne hul posisies verlaat het. Al gevolgtrekking waartoe Joubert kon kom, was dat sy burgers "niet onder behoorlijke orders" was nie. Omdat Burger nêrens te vinde was nie, kon Joubert gevolglik geen verdere planne met hom bespreek nie.¹⁰

Dit is duidelik dat Joubert 'n groot fout begaan het om die verantwoordelikheid van so 'n uiters belangrike onderneming soos die verowering van Platrand aan Burger toe te vertrou, aangesien hy soms weifelend in sy optrede was.¹¹ Ten slotte is dit waar dat Burger, hoewel baie gewillig in alles wat hy in belang van sy volk aangepak het, net nie oor die vermoë beskik het om leiding te neem in so 'n belangrike sending nie. Sonder twyfel het hy sy gebrekkige krygsvernuif hier duidelik ten toon gestel.

Spioenkop, 24 Januarie 1900

Met generaal George White steeds in Ladysmith beleër, sou Buller alle poginge aanwend om sy mag te bevry.

-
7. T.A.B.: A. 787, Preller-versameling, 10: Botha - Staatsekretaris (hierna S.S.), 25-12-1899, p. 40.
 8. T.A.B.: A. 787, Preller-versameling, 10: Botha - Burger, 30-12-1899, p. 62; Kommandant-generaal (hierna K.G.) 758: Burger - K.G., 28-12-1899, p. 106. Kyk ook J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, III* (Pretoria, 1973), p. 4.
 9. T.A.B.: K.G. 837: K.G. - Burger, 5-1-1900, pp. 3-4; T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, pp. 285, 287, 291.
 10. T.A.B.: L.A. 714(b): Direkteur - Hoof, Telegraafdiens, 7-1-1900, no. 21; G.H.J. de Winter, *Schalk Willem Burger, die laaste vise-president van die Suid-Afrikaanse Republiek*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA (P.U.K.), 1947), p. 34; P.J. Delpont, *Die rol van generaal Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1972), p. 80; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 76; L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902, III*, (Londen, 1905), p. 202; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, III*, pp. 57-59.
 11. T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 233.

Teen 14 Januarie 1900 het Buller begin aandui dat hy wil aanval. Botha het besef dat die Britte deur die Bo-Tugela wou trek en nie laer af by Colenso nie. Daarom het hy na die Bo-Tugela vertrek om by Burger uit te kom, aangesien hulle gesamentlik oor hierdie gedeelte van die linie bevel gevoer het en hulle dus met mekaar kontak moes hou.¹² Die groot slag by Spioenkop wat sou volg, sou die groot toets vir Burger se vermoë as krygsmans wees. Oor die belangrikheid van Spioenkop het geen twyfel bestaan nie, aangesien die kop die strategiese hoogte aan die Bo-Tugela was wat die weg na Ladysmith versper het.¹³

Intussen het die Britte hul voorbereiding afgesluit en onder leiding van generaal E.R.P. Woodgate het meer as 1 700 man Spioenkop aangedurf. Laat die aand van 23 Januarie het die Britte die groepie van vyftig Vryheid-burgers van waarnemende kommandant Salomon Grobler so verras, dat hulle eenvoudig gevlug het. Met hul aankoms by Botha, het hy dit hulle op die hart gedruk dat die Britte so gou as moontlik verdryf moes word.

Sommige Vryheid-burgers en ander vlugtelingen van Spioenkop het in die laers van die Carolina- en Lydenburg-kommando's aan die voet van die Drielingkoppe, net oos van Spioenkop, beland. Hier was Schalk Burger in bevel van beide kommando's.¹⁴ Onmiddellik het Burger die situasie aan kommandant-generaal Joubert en hoofkommandant Prinsloo geskets en dit uiters somber voorgestel. Hoewel dit nog te donker was om werklik 'n oordeel te kon vel, het Burger tog geredeneer dat die toestand ernstig was. Hy het Prinsloo versoek om soveel hulp as moontlik te stuur, daar hulle alleen te swak was om die kop weer te neem.¹⁵

Burger en kommandant Hendrik Prinsloo van die Carolina-kommando het onmiddellik planne beraam en manne vooruit gestuur om die posisie te gaan verken en ander om Alwynkoppie, een van die spitse van Spioenkop, te beset, voordat die Britte dit dalk sou doen. Vervolgens het Burger vir Prinsloo en sy Carolina-burgers gelas om Spioenkop met geweld te bestorm.¹⁶

Vir Joubert was dit baie belangrik dat Burger die kop weer moet verower en hy het dit duidelik aan hom gestel. Burger self het tot 'n mate die erns van die situasie besef en daarom het hy die Carolina-burgers aangesê om die kop terug te neem. Nogtans was Burger nie baie oortuig van hul saak nie omdat die groepie slegs uit sowat 84 man bestaan het. Daarom het hy die volgende telegram aan Joubert gestuur: "Versterking gezonden weer kop te neem. Vijand trek nu met kanonnen en troep op ons. Toestand ernstig. Geloof nu niet dat wij kop weer kan neem. Dringend hulp. Mist nu zoo toe op kop en land dat wij niet kunnen zien."¹⁷

Hierdie moedelose houding van Burger het vir Joubert daartoe beweeg om hom skerp aan te spreek. Hy het na Burger se wankelmoedigheid verwys en by hom aangedring dat hulle al hul kragte saamspan in 'n poging om die Britte weer van die kop af te drywe. Daar was reeds tweehonderd Rustenburgers op pad om Burger te help, het Joubert sy opbeurende boodskap afgesluit.¹⁸

Hendrik Prinsloo het, klaarblyklik in opdrag van Burger, vir Botha verwittig van hul reëlings om Spioenkop te bestorm. Ook Botha het burgers van verskillende kommando's in die Tabanyama-stellings, wes van Spioenkop, aangesê om na Spioen-

12. T.A.B.: L.A. 714(c): S.P. - Botha, 13-1-1900, no. 1(a).

13. J.C.L. Erasmus, *Die ineenstorting van die Boeremagte aan die Natalse front*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1944), p. 55.

14. C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, pp. 93-95.

15. T.A.B.: L.A. 715(e): Burger - K.G., 24-1-1900, no. 2; K.G. 770: Burger - K.G., 24-1-1900, p. 117; L.A. 715(e): Burger - Prinsloo, 24-1-1900, p. 5.

16. T.A.B.: A. 850, Carolina Historiese Komitee-versameling, I: 29-30 September 1939, p. 5; A.787, Preller-versameling, 225: H. Prinsloo - Mevrouw Prinsloo, 30-1-1900, pp. 180-181. F.J. Grobler, *Die Carolina-kommando in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1960), p. 51.

17. T.A.B.: L.A. 715(e): K.G. - Burger, 24-1-1900, no. 4; L.A. 715(e): Burger - K.G., 24-1-1900, no. 12; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, III*, p. 185.

18. T.A.B.: L.A. 715(e): Burger - K.G., 24-1-1900, no. 35; L.A. 715(e): K.G. - Burger, 25-1-1900, no. 36.

kop te gaan. Burger is saam met die orige Carolina-burgers en die Lydenburgers teen vyf-uur die oggend van 24 Januarie terug na Spioenkop. Hy en sy manne het daarin geslaag om die posisies waarin die Vryheid-burgers was, weer te beset. Hierna was Botha in totale bevel van die geveg op Spioenkop. Hy het later vir Joubert berig dat Burger en sy groep burgers die kop van die een kant bestorm het en hy en sy burgers van die ander kant. Hulle het daarin geslaag om die spits van die kop te verower.¹⁹

Burger het intussen weer terugbeweeg na Drielingkoppe waar hy in bevel was. Hier sou laat die middag van 24 Januarie 'n episode hom afspeel wat hom in 'n baie swak lig sou stel. Drielingkoppe het as 'n uitloper van Spioenkop, oos daavandaan, gelê en was beslis 'n gedugte defensiewe posisie. As die Britte die oostelike rant kon beheer, sou dit hulle binne trefafstand van Ladysmith bring. Onder aanvoering van kolonel R. Buchanan-Riddell het die Britte op Drielingkoppe toegesak. Burger het onmiddellik besef dat sy manne uitgedun was weens die feit dat die meeste Carolina-burgers op die kruin van Spioenkop aan die hoofgeveg deelgeneem het. Daarom het hy Botha dringend om hulp gevra, aangesien besetting van die kop deur die Britte op die linkerflank die Spioenkop-burgers in 'n gevaarlike posisie kon plaas. Gevolglik het Botha, alhoewel hyself 'n tekort gehad het, van sy manne, asook 'n deel van die Utrecht-kommando, aan Burger gestuur.²⁰

Die Britte het teen vyf-uur die middag van 24 Januarie Drielingkoppe bestyg en die kommando's van Lydenburg en Carolina van die pieke verdryf. Hierdie wending het Burger uiters swaarmoedig gestem en toe Botha hiervan verneem, het hy aan hom 'n boodskap van aanmoediging gestuur. Voorts het hy dit vir Burger op die hart gedruk om onder geen omstandighede moed te verloor nie en veral om nie sy posisie prys te gee nie. "Laat ons strijden en saamen sterven, maar Broeder laat ons toch geen duim breed wiken voor die Engelschen," het hy by Burger gepleit en met die woorde afgesluit, "Ik ben vol moed en overtuigd dat onze God de overwinning zal geven als wij slechts vaststaan."²¹

Botha se optimisme het beslis nie aansteeklik op sy senior kollega ingewerk nie. Hy het gevoel dat die Britte wel in 'n stadium sou tou opgooi as die Boere net in die stryd volhard, maar Burger het nie soos hy geredeneer nie. Toe Botha se boodskapper Burger se kamp agter die Drielingkoppe bereik, het hy dit reeds ontruim en paniekerig met sy burgers in die rigting van Ladysmith gevlug. In die proses het hy ook die kanonne met hom saamgeneem.²²

Die gevolg van hierdie vlug van Burger was nie alleen dat hy 'n groot gaping in die Boerelinies oopgelaat het nie waardeur Buller en Lyttelton kon beweeg op pad Ladysmith toe, maar dat Botha, sonder die gebruik van die kanonne wat Burger verwyder het, nou alles in sy vermoë moes doen om die burgers tot verdere optrede te inspireer. Gelukkig vir die Boere het Buller nie die voordeel van die verowering van Drielingkoppe ingesien nie en teweens sy manskappe opdrag gegee om teen donker terug te val omdat hulle na sy mening te verspreid was.²³

-
19. T.A.B.: A.787, Preller-versameling, 12: Botha - K.G., 24-1-1900, pp. 45-48; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 96; F.J. Grobler, *Die Carolina-kommando in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)*, pp. 52-53.
 20. T.A.B.: L.A. 779(iii): Hoof, Telegraafdiens - K.G., 24-1-1900, pp. 710-711; F.J. Grobler, *Die Carolina-kommando in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)*, p. 65. Kyk ook J.H. Cilliers, 'Die slag van Spioenkop (24 Januarie 1900)', pp. 42-43 en J.C.G. Kemp, *Vir vryheid en vir reg* (Kaapstad, 1941), p. 289, en B. Farwell, *The great Anglo-Boer War* (New York, 1976), p. 177.
 21. T.A.B.: A. 787, Preller-versameling, 12: Botha - Burger, 24-1-1900, p. 96; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, pp. 100, 102. Kyk ook J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, III*, p. 227.
 22. T.A.B.: L.A. 779(iii): Hoof, Telegraafdiens - K.G., 24-1-1900, pp. 712-713; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 102; J.H. Cilliers, 'Die slag van Spioenkop (24 Januarie 1900)', p. 54. Kyk ook L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa, III*, p. 292.
 23. T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 320; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, pp. 100, 103.

By hoofkommandant Marthinus Prinsloo se laer wes van Ladysmith aangekom, het Burger 'n uiters donker prentjie geskilder en dit het die ou Hoofkommandant hewig ontstel. Prinsloo was veral bekommerd oor die lot van die Vrystaters aan die Bo-Tugela onder generaal Andries Cronjé. Intussen het Burger nie lank by Prinsloo vertoef nie en reeds vroeg die oggend van 25 Januarie sy terugtog aangepak, al was hy volgens Prinsloo baie uitgeput.²⁴

Botha het toestande beslis nie in dieselfde lig as Burger en Prinsloo gesien nie en voorspel dat die Britte van Spioenkop af sou padgee omdat ook hulle baie manskappe verloor het. Die Britse bevelvoerder, luitenant-kolonel A. Thorneycroft, het Warren van sy besluit verwittig om Spioenkop te ontruim, aangesien sy posisie onuithoudbaar geword het. Sy verweer was dat die Boere se kanonvuur hulle afgemaai het en dat hulle nie nog 'n dag daarteen bestand sou wees nie.²⁵

Na hierdie roemryke oorwinning van die Boere op Spioenkop kom die vraag onwillekeurig op waarom Burger van Drielingkoppe weggevlug het. Hy het tog heel in die begin sy dapperheid getoon toe die Vryheid-burgers van Spioenkop padgegee het. Weliswaar was hy swaarmoedig toe hy die groot getalle Britse troepe gesien het, maar tog het hy sy deel gedoen met die herowering van die dele wat vroeër deur die Vryheid-burgers beset was. En wat die Drielingkoppe-episode betref, is dit so dat sy burgers uitgedun was. Kommandant W.M. Edwards het getuig hoedat Botha van Burger berig ontvang het dat sy posisie bedreig is en dat hy dringend hulp nodig gehad het. Kort daarna het hulle berig ontvang dat Drielingkoppe reeds verower is en daarmee was die kans verby om Burger effektief te help en het hy nie alleen sy posisie moes opsê nie, maar moes hy ook die kanonne met hom saamneem.²⁶

Andere het weer die vlug as 'n ernstige swakheid in sy militêre mondering uitgemaak en gesien sy pessimistiese beriggewing oor sy toestand van sake en dié van die Boere in die algemeen, het hulle seker gelyk gehad. Kommandant L.E. Krause se aantying teen Burger lê volgens hom daarin dat Burger glo self sou getuig en erken het dat hy geen soldaat was nie en dat hy onbekwaam was om in 'n oorlogssituasie leiding te neem.²⁷

C.G.S. Sandberg, militêre sekretaris van generaal Louis Botha gedurende die Natalse fase van die oorlog, skryf dat hy laat die middag van 23 Januarie na Burger se laer is omdat Botha wou hê dat hy met Burger oorleg moes pleeg oor die stand van sake. Sandberg het hier kennis geneem en getuig van die vasberadenheid van Burger en die uiters doeltreffende optrede van hom en kommandant Prinsloo en sy Carolina-burgers. Vir Sandberg het die toestand werklik baie gevaarlik en selfs kritiek voorgekom.²⁸ Sandberg het in hierdie verklaring van hom glad nie van die Drielingkoppe-episode melding gemaak nie. Tog kon 'n mens uit sy getuienis die indruk kry dat Burger nie normaalweg soveel vrees in sulke situasies geopenbaar het nie.

Burger het in 'n lang betoog op 4 Februarie 1900 aan Joubert sy kant van die saak gestel. Hy het aangevoer dat hy en sy manne dapper weerstand gebied het, ten spyte van bomme wat digby hulle geval het. Volgens hom het hy sy burgers gedurigdeur moed ingepaat en gevolglik het hulle onvermoed en volhardend die stryd voortgesit. Tot sowat tienuur die aand het hy op sy pos gebly en die wagte se posisies nagegaan. Volgens Burger het hy later die nag na Marthinus Prinsloo ge-

24. T.A.B.: L.A. 779(iii): Prinsloo - K.G., 25-1-1900, p. 724; K.G. 771: Prinsloo - K.G., 25-1-1900, p. 11; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 103. Kyk ook P.J. Delpont, *Die rol van generaal Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 89.

25. Britse Blouboek, CD 968 (The Spion Kop Despatches): Verslag van Thorneycroft - Warren oor die slag van Spioenkop, 26-1-1900, pp. 28-29; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 103.

26. T.A.B.: A. 787, Preller-versameling, 68: Koerantuitknipsel uit die *Transvaal Advertiser*, 24-9-1902, p. 440.

27. T.A.B.: A. 787, Preller-versameling, 80: Oorlogsherinneringe van L.E. Krause, p. 573.

28. T.A.B.: A. 787, Preller-versameling, 226: Inligtingslêers, 23-1-1900, pp. 41-42; A.850, Carolina Historiese Komitee-versameling I: Verklaring van C.G.S. Sandberg - H. Prinsloo, 31-8-1938, p. 5.

gaan om aan hom te verduidelik dat die Rustenburg-manne hom sou kom help. Nadat hy dit afgehandel het, sê Burger, het hy vroeg die volgende oggend weer terug na Spioenkop gegaan om teen die Britte te veg. Soos reeds genoem, het Marthinus Prinsloo wel getuig hoe uitgeput Burger die volgende oggend terug na Spioenkop is. Maar, het Burger afgesluit, as hy daarvan beskuldig word dat hy gevlug het, kom die vraag by hom op hoe sy burgers hom andersins ooit kon vertrou het.²⁹ Dit is opvallend dat Burger geen woord aan Joubert gerep het oor die kanonne waarvan hy verkwalik is wat hy met hom saamgeneem het nie.

Gesien in die lig van al hierdie getuïenisse, kan daar nie sonder meer aanvaar word dat vrees tot Burger se vlug vanaf Drielingkoppe gelei het nie. Die moontlikheid bestaan wel dat hy onder die besef van die gevaar gekom het en dat hy per slot van sake vir die veiligheid van sy burgers verantwoordelik was. Burger mag miskien nie die bekwaamste militaris gewees het nie, maar dat hy alles in belang van sy geliefde vaderland sou doen, is eweneens waar.

Spanning oor Burger se optrede voor en tydens die slag van Vaalkrans, Januarie - Februarie 1900

Na Spioenkop het die Boereleërleiding geen idee gehad wat Buller se volgende stap sou wees in sy poging om Ladysmith te ontset nie. Op 28 Januarie 1900 het die sterk leier onder die Boere, Louis Botha, na Pretoria vertrek en is die bevel aan die Bo-Tugela in die hande van die onsekere Schalk Burger geplaas. Burger het net nie oor die vermoë beskik om as 'n goeie militêre leier sy stempel op enige oorlogsituasie af te druk nie. Die besef het nooit by hom posgevat dat die Britte tydelik moedeloos was na die slae wat hulle by Spioenkop van Boerekant ontvang het nie. Sy vrees het steeds bestaan dat Buller op die Boere se regterflank ten weste van Spioenkop sou probeer deurbreek. Daarom het hy die Boerestellings te Tabanyama onnodiglik gaan versterk. Om sake te vererger het hy op ander meer waarskynlike plekke nie genoegsame voorsorgmaatreëls getref nie. Hy het byvoorbeeld nie die swak Boeremag by Potgietersdrif en Mungersdrif versterk nie. Alhoewel hy kon sien hoe die Britte op Potgietersdrif afpyl, het hy steeds geglo dit was net vir die skyn en dat die Britte eintlik by Trichardsdrif wou deurkom na Ladysmith. Hy is in die opvatting versterk deur die feit dat die Britte met hul kanonne op Trichardsdrif gevuur het.³⁰

Intussen het president Kruger op die vooraand van die geveg wat tussen 5 en 7 Februarie 1900 by Vaalkrans sou plaasvind, weer eens bewus geword van Burger se gedurige tekens van wankelmoedigheid en daarom het hy sterk getwyfel oor die wenslikheid van sy aanstelling as bevelvoerder. Kruger het dit daarom uiters diplomaties onder Burger se aandag gebring dat daar al weer sulke tekens van wankelmoedigheid te bespeur was. Voorts het hy hom gemaan om standvastig te wees in hulle stryd om te oorwin.

In antwoord op die kritiek dat hy "al weer" wankelmoedig was, het Burger die feit onderstreep dat hy desnieteenstaande tog nog by sy manne was en nie op 'n afstand 'n mening uitgespreek het nie. Hy het dus erken dat hy wel wankel, maar aan die ander kant daaraan toegevoeg dat hy vir meer as vyftien dae geen dag of nag rus gehad het nie. Hy het ook daarop gewys dat hy 'n uitgestrekte en gevaarlike terrein moes beskerm. Boonop, het Burger gesê, het hy met manne van verskillende kommando's en baie onverantwoordelike offisiere gesit wat eenvoudig hul posisies na willekeur verlaat het. Uitgeput soos hy was, het Joubert hom nie eens geantwoord toe hy verlof gevra het om vir net 'n dag of twee na Pretoria te gaan om te gaan rus nie, het Burger berig. Nogtans het hy gehoop om tot die einde toe getrou op sy pos te bly, "doch wat boven mijn krachte zijn, kan ik niet dragen," het

29. T.A.B.: K.G. 820: Burger - K.G., 4-2-1900, p. 143; K.G. 771: Prinsloo - K.G., 25-1-1900, p. 11.

30. T.A.B.: L.A. 715(f): Burger - K.G., 26-1-1900, no. 23; L.A. 779(iii): Burger - K.G., 26-1-1900, p. 726; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 107; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, III*, pp. 256-258; H. du Cane, *The war in South Africa* (New York, 1969), p. 203.

hy afgesluit.³¹

Die bedenkinge teen Burger se militêre oordeel is hierna bevestig deur sy gebrek aan optrede in die aangesig van die klaarblyklike Britse taktiekverandering.

Teen 27 Januarie 1900 het hy self erken dat die Britte Trichardtsdrif verlaat het op pad na Potgietersdrif. Nogtans het hy geen poging aangewend om sy burgers ooswaarts te versterk nie.

In plaas daarvan het hy die staatsekretaris, F.W. Reitz, daarvan in kennis gestel dat as hulle oor 'n goeie kommando beskik het, hulle die Britte kon aanval en veel skade berokken.³² Met sy swakkerige kommando het hy dus verkies om teenoor Trichardtsdrif te bly lê waar werklik geen gevaar gedreig het nie - 'n optrede wat baie moeilik verklaar kan word.

Op daardie tydstip het daar reeds 'n ernstige wanverhouding tussen Schalk Burger en die ander Boeregeneraals ontstaan, hoofsaaklik omdat hy bly weier het om van sy burgers na die Potgietersdrif-gebied te verskuif. So byvoorbeeld het Burger nooit honderd man op hoofkommandant Prinsloo se versoek gestuur om die Vrystaters in die Wapadnek teenoor Potgietersdrif te versterk nie. Trouens, Burger het glad nie op dié versoek van Prinsloo gereageer nie en baie verontwaardig het Prinsloo hom daarop gewys dat hy Burger met twintig man gehelp het toe hy hom daarom gevra het. Uit al sy burgers, soos Burger self erken het, wou hy nie 'n skamele honderd aan Prinsloo afstaan nie. Prinsloo wou dan ook ongelowig weet hoe dit moontlik was dat Burger met soveel man tot sy beskikking hom nie wou of kon help nie.³³

Namate dit duidelik geword het dat die Britte hulle gereed gemaak het om Potgietersdrif en Mungersdrif aan te val, het Prinsloo eenvoudig by Joubert aangedring om Burger te dwing om hom van versterkings te voorsien. Ironies genoeg het Burger juis in daardie omstandighede van Joubert tweehonderd man gevra om na veggeneraal Tobias Smuts te stuur wat ook hulp benodig het. Nou moes Joubert baie versigtig optree om Burger nie die harnas in te jaag nie, veral na Prinsloo wou hê dat Burger verplig moes word om burgers af te staan. Daarom het hy uiters diplomaties aan Burger verduidelik dat die tweehonderd wel iewers vir Smuts bekom sou word.³⁴

Joubert kon Burger se optrede en besluite eenvoudig nie begryp nie. Daarom was hy uiters dankbaar en verlig toe dit bekend geword het dat die bekwame krygsman, Louis Botha, Pretoria op 4 Februarie 1900 verlaat het op pad terug na Natal. Botha het Joubert vooruit meegedeel dat slegs 'n klein gewone mag nodig was om Trichardtsdrif te beskerm en dat al die troepe aan die Bo-Tugela, dit wil sê ook Burger s'n, na Potgietersdrif en Mungersdrif verskuif moes word. Botha wou inligting oor die sterkte van al die kommando's van Burger verkry, inligting wat hy inderdaad toe tot in die fynste besonderhede verstrek het.³⁵

Burger se voortgesette weiering om hulp na Potgietersdrif en Mungersdrif te stuur en die gevolglike spanning wat hieruit tussen die Boereleiers ontstaan het, het selfs in die Vrystaat weerklink gevind. President M.T. Steyn het naamlik by president Kruger aanbeveel dat al die gesag aan die Bo-Tugela in 'n verantwoordelike persoon se hande geplaas moes word, "want sommige generaals sitten al daar in eene veilige posisie met veel manschappen en weigeren versterking te zenden naar het vermoedelijk punt van aanval".³⁶ Dit is duidelik dat Steyn na niemand anders nie as Schalk Burger wat bevel gevoer het, verwys het.

-
31. T.A.B.: L.A. 715(g): S.P. - Burger, 27-1-1900, no. 24; L.A. 715(g): Burger - S.P., 29-1-1900, no. 4; L.A. 779(iii): Burger - K.G., 26-1-1900, p. 728.
 32. T.A.B.: L.A. 715(g): Burger - S.S., 27-1-1900, no. 25.
 33. T.A.B.: L.A. 775: Prinsloo - Burger, 3-2-1900, pp. 57-59; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, III*, p. 272.
 34. T.A.B.: W.2, N.J. de Wet-versameling, III: Meyer - K.G., 3-2-1900, n.p.; K.G. 775: Smuts - K.G. en Burger - K.G., 3-2-1900, pp. 60-61; K.G. 775: Prinsloo - K.G., 3-2-1900, p. 72.
 35. T.A.B.: L.A. 716(a): Botha - Burger, 3-2-1900, no. 28; L.A. 716(a): Burger - Botha, 3-2-1900, no. 37; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 110. Kyk ook T.A.B.: L.A. 779(iii): Botha - Burger, 3-2-1900, p. 762.
 36. T.A.B.: L.A. 716(a): S.P. (O.V.S.) - S.P. (Z.A.R.), 4-2-1900, no. 4.

Op Maandagoggend 5 Februarie het Buller sy troepemag van tussen 26 000 en 27 000 man met 72 kanonne in beweging gebring. Sy doel was om deur Potgietersdrif op die Brakfontein-stellings 'n skynaanval te loods. Hierdeur het hy geglo kon hy die Boere na dié sektor toe lok sodat hy by sy uiteindelige doel, naamlik Vaalkrans, wat sowat agt kilometer oos van Spioenkop geleë is, kon uitkom. Die fout wat Buller begaan het, was om nie beide aanvalle gelyktydig te loods nie, dog die skynaanval eerste uit te voer en daarna eers die werklike aanval.³⁷

Buller self was vol vertroue dat hy sou slaag. Hy het na die slag van Spioenkop beweer dat hy die sleutel tot Ladysmith ontvang het en dat hy spoedig daar sou wees. Tog sou daar nog 'n wrede ontnugtering vir hom voorlê.³⁸

Na die skynaanval op Brakfontein op 5 Februarie, wat vanaf sesuur die oggend tot halftwee die middag geduur het, het die Britte teruggetrek en nou al hul aandag op Vaalkrans gevestig.

Die verowering van Vaalkrans sou die Britte by Ladysmith kon bring waar White en sy manne nog al die tyd vasgekeer gesit het. Dit was veral kommandant Ben Viljoen met die Johannesburgse kommando wat baie omgekrap was omdat die Britse oormag hulle gedwing het om nog op dieselfde dag van die kruin van Vaalkrans pad te gee. Hy het gevoel dit sou nie gebeur het as hy en Smuts die versterkings gekry het waarvoor hulle reeds dae vantevore gevra het nie. Viljoen het byvoorbeeld vir Burger dringend om 'n kanon versoek en hom later verkwalik omdat hy nie daaraan wou voldoen nie. Vanaf Green Hill het Viljoen toe sy Maxim teen die Britte op Vaalkrans ingespan.

Toe Burger laat die middag die berig ontvang dat die Boere uit sekere stellings te Vaalkrans verjaag is, het hy Joubert daarop gewys dat hy tog die spesifieke oggend reeds baie vroeg vir kommandant S.B. Buys van die Heidelberg-kommando na Smuts gestuur het en later die dag 'n verdere 45 man van Lydenburg en honderd van Ermelo. Daarom het Burger benadruk dat daar op daardie tydstip geen skuld op sy skouers gepak moet word nie. Maar Joubert was nie baie lus vir Burger se argumente nie en wou net weet waarom Burger nie onmiddellik nadat die Britte by Potgietersdrif teruggedryf is, vir Smuts en Viljoen gaan help het nie. Almal moes na Vaalkrans opruk om dié te herower. Joubert het byna smekend vir Burger gevra om alle moontlike hulp na Vaalkrans te stuur, aangesien die Boere net eenvoudig hul posisie moes terugwen: die Britte sou ook die nag van 5 Februarie 1900 'n verwoede poging aanwend om deur te breek Ladysmith toe.³⁹ Maar van dié aanval waarvoor Joubert so bevrees was, het niks gekom nie.

Dit wil voorkom asof Burger self beseft het dat hy die grootste sondaar in die Britse besetting van Vaalkrans was, omdat hy die ywerigste aan Botha, weer terug op die gevegsfront sedert 6 Februarie, se oproep gehoor gegee het om die Britte terug te drywe. Aan Botha het Burger berig dat die Britte getoon het dat hulle met alle mag die verowerde gedeelte van Vaalkrans wou behou en selfs pogings aangewend het om 'n kanon na hul stellings te bring. Op die sesde het Burger nog 150 man van die kommando's Rustenburg, Ermelo en Carolina gestuur, asook tweehonderd van Colenso wat by hom gestasioneer was. Voorts het hy loopgrawe en skanse gebou en opdrag gegee dat kanonne na dié punt gebring word vanwaar die aanval teen die Britte op Vaalkrans moes plaasvind.⁴⁰

37. C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 112.

38. T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 325.

39. T.A.B.: L.A. 716(b): Smuts - Burger, 5-2-1900, no. 14; L.A. 716(b): Viljoen - Burger, 5-2-1900, nos. 20 en 42; L.A. 716(b): Burger - K.G., 5-2-1900, no. 58; L.A. 716(b): K.G. - Burger, 5-2-1900, no. 56; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, pp. 113-114; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, III*, pp. 305-307.

40. T.A.B.: K.G. 776: Burger - Botha, 6-2-1900, p. 188; K.G. 776: Burger - K.G., 6-2-1900, p. 164; L.A. 716(c): Burger - K.G., 6-2-1900, nos. 22 en 56; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 115.

Ten spyte van al die pogings om sy saak te versterk, het Burger nog steeds probeer om homself te verontskuldig. Hy het selfs die skuld op kommandante Buys van Heidelberg en David Joubert van Carolina se skouers gepak: as laasgenoemde twee sy bevale uitgevoer het, het hy beweer, sou sake nie so swak gewees het nie. Nogtans het Burger beloof om vir Joubert by te staan en die hoop uitgespreek dat hulle die Britse aanslae die hoof sou kon bied.⁴¹

Aangesien Botha van mening was dat die Boere se posisie uiters swak was, het hy veral 'n nagaanval gevrees. Die Britte het met hulle vyftig kanonne sake vir die Boere uiters bemoeilik. Aan die ander kant moes aanslae van die Boere ook die Britse posisie verswak het, daar Buller die middag van 7 Februarie al sy senior offisiere byeengeroep het om die toestand te bespreek. Hulle het dit beter geag om by Vaalkrans te onttrek en al hulle generaals het op 'n doeltreffender opmarsroete, naamlik by Hlangwane, besluit.⁴²

Na die slag by Vaalkrans is Buller van swak leiding beskuldig en byna afgedank, maar Roberts het besluit dat hy moet voortgaan.⁴³ Die feit van die saak is dat Buller nie beseft het dat hy in die afwesigheid van Botha met 'n aantal swak Boeregeneraals te make gehad het nie.⁴⁴ By Vaalkrans was die Boere-opset swak en dit was hoofsaaklik aan die koppigheid van Burger te danke, daar hy nie burgers na Vaalkrans toe wou stuur nie. Tog het Burger, deurdat hy met 'n groot konsentrasie by Potgietersdrif die Britse skynaanval afgeslaan het, die Britte laat glo dat die Boere-besetting by Vaalkrans ook uiters doeltreffend moes wees, wat nie die geval was nie. Gelukkig vir Burger het Buller se vrees in verband met vorige verlore veldslae soos by Colenso en Spioenkop, ook by Vaalkrans die deurslaggewende rol gespeel sodat die Boere ook hier 'n groot oorwinning kon behaal.

Dit was weer duidelik dat Schalk Burger nie oor die vermoë beskik het om bewegings van die Britte korrek op te som nie, daar hy aan Joubert berig het dat die Britte volgens hom na Trichardtsdrif beweeg het. Burger het geredeneer dat Buller vanaf Trichardtsdrif om hulle regtervleuel wou glip; dit terwyl die Boere op Vaalkrans gekonsentreer het.⁴⁵ Hierdie nuus het beide Joubert en Kruger oortuig dat Buller nie klaar was met die Bo-Tugela nie.⁴⁶ Dié afleiding was onverklaarbaar vir Botha gewees en daarom het hy vir Joubert en Kruger die versekering gegee dat kommer oor 'n Britse aanval by Trichardtsdrif heeltemal onnodig was. Volgens hom was Burger glad nie op die hoogte van sake nie. Botha het verklaar dat hy 'n verslag van Buller gesien het waarin laasgenoemde dit duidelik gemaak het dat die Boeremagte aan die Bo-Tugela te sterk was en hy die Boere dus nie weer daar sou aandurf nie.⁴⁷

Burger verlaat die slagveld, 13 Maart 1900

Op 13 Maart 1900 het Burger 'n versoek tot Kruger gerig om die slagveld te verlaat sodat hy met sy werksaamhede in Pretoria as lid van die Regering kon voortgaan. A.D.W. Wolmarans het 'n paar dae tevore na Europa vertrek as lid van die deputasie om steun vir die Boere se saak te werf. Kruger was kennelik ingenome met Burger se versoek, aangesien hy beseft het dat hy hom in Wolmarans se plek kon gebruik. Dit was 'n gawe oplossing vir die dilemma waarin Kruger ten opsigte van Burger verkeer het. Gevolglik het Kruger vir Botha toestemming gevra dat Burger na Pretoria kon gaan - 'n versoek waaraan Botha gehoor gegee het.⁴⁸

41. T.A.B.: K.G. 776: Burger - K.G., 6-2-1900, pp. 167 en 169.

42. C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 116.

43. T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, pp. 338-339.

44. O. Ransford, *The battle of Spion Kop* (Londen, 1969), p. 151.

45. T.A.B.: L.A. 716(d): Burger - K.G., 8-2-1900, no. 15.

46. T.A.B.: L.A. 716(e): K.G. - Botha, 9-2-1900, no. 9.

47. T.A.B.: L.A. 716(f): Botha - S.P., 10-2-1900, no. 42.

48. T.A.B.: W.2: N.J. de Wet-versameling, III: Burger - S.P., 13-3-1900, n.p.; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, p. 150.

So het daar 'n einde gekom aan die onindrukwekkende militêre loopbaan van Schalk Burger. Die Franse kolonel, G. de Villebois-Mareuil, het reeds so vroeg as 9 Januarie 1900 in sy dagboek geskryf hy voel dat Burger en Joubert eerder in Pretoria moes gewees het en dat die hele operasie in Natal eerder deur Botha en Meyer hanteer moes word.⁴⁹ Lodi Krause, burger in die Soutpansberg-kommando en later kommandant, het in sy oorlogsherinneringe vir Burger so opgesom: "The best thing that could be said in favour of Schalk Burger as a General, was that he himself admitted that he was no soldier and unfit to command."⁵⁰

Slot

As daar nou ten besluite na die rol van Schalk Burger as militêre bevelvoerder gekyk word, moet die uitslae van die veldslae waaraan hy deelgeneem het as maatstaf geneem word.

So het hy 'n aanval op Ladysmith gevrees, wat totaal ongegrond was terwyl alles op 'n aanval op Colenso gedui het wat toe wel plaasgevind het - 'n onverklaarbare optrede aan die kant van Burger. By Platrand kon hy geen beheer uitoefen nie en het hy getoon dat hy oor geen militêre talente beskik het nie.

Derdens het hy by Spioenkop misluk, veral met sy vlug vanaf die Drielingkoppe en die feit dat hy in die proses die kanonne met hom saamgeneem en daardeur sy mede-burgers se lewens in gevaar gestel het. Hierby kan sy volgehoue weiering om burgers aan sy mede-generaals te stuur, ook gevoeg word. Die feit van die saak is dat hy voortdurend genoeg burgers om hom geskaar wou hê sodat hy enige oomblik vir die Britte gereed sou wees. Die gevolg daarvan was dat die werklik bedreigde punte nie altyd van genoeg burgers voorsien is nie, omdat hy voortdurend geweier het om manne daarheen te stuur en liever sy mede-generaals versoek het om aan so 'n oproep gehoor te gee. So erg het dit daaraan toe gegaan dat selfs president Kruger hom voor die slag by Vaalkrans ernstig moes aanspreek oor sy weiering om hulp te verleen.

Miskien was sy grootste swakheid sy gebrek aan oordeelsvermoë om 'n situasie op die oorlogsveld op te som en daarvolgens op te tree. Talle van die generaals gedurende die Anglo-Boereoorlog is nie op grond van hulle militêre nie, maar hulle politieke bekwaamhede gekies. Burger het soos al die Boeregeneraals byvoorbeeld geen militêre agtergrond of militêre opleiding gehad nie en ook weinig ondervinding van militêre operasies, en daarom sou dit miskien onbillik wees om hom sonder meer te veroordeel. As groot patriot wat sy land baie lief gehad het, het hy seer seker sy beste in die oorlog gelewer met die weinige militêre bekwaamheid waaroor hy wel beskik het.

Met die opheffing van die beleg van Ladysmith op 28 Februarie 1900 was die Natalse fase van die oorlog verby, maar die stryd sou nog meer as twee jaar voortduur. Terug in Pretoria sou daar op Burger - in teenstelling met sy teleurstellende militêre loopbaan - nie alleen groter verantwoordelikheid in regeringsposte wag nie, maar ook groter eer. Nie alleen het hy die amp van vise-staatspresident van die afgestorwe Piet Joubert op 4 April 1900 oorgeneem nie, maar het hy in September 1900 in Paul Kruger se plek waarnemende Staatspresident van die Z.A.R. geword, 'n pos wat hy tot aan die einde van die oorlog in 1902 beklee het.

49. G. de Villebois-Mareuil, *War notes* (Londen, 1901), p. 129.

50. T.A.B.: A.787: Preller-versameling, 80: Oorlogsherinneringe van L.E. Krause, p. 573.